

# 14

## MY OUPA EN OUMA

### 'n Spesiale dankie vir Oupa en Ouma

#### **PRAKTYKLES**

##### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat hulle lief moet wees vir hul oupas en oumas.

##### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

###### **Kennis**

Die kinders moet weet dit is God wat vir hulle 'n oupa en 'n ouma gegee het.

###### **Gesindheid**

Die kinders moet lief wees vir hul oupas en oumas.

###### **Vaardigheid**

Die kinders moet fisies hul liefde aan hul oupas en oumas gaan bewys.

#### **MEER INLIGTING**

Weet julle, ons is baie bevoorreg. God het vir elkeen van ons spesiale mense gegee. Ons het ouers wat ons versorg met alles wat ons nodig het. Hulle leer ons wie die Here is en dat ons die Here moet liefhê. God gee vir ons onderwysers om ons in die skool te leer sodat ons eendag kan gaan werk en ook ons eie gesinne kan versorg. Ons het maats saam met wie ons kan speel en lag. Maar baie belangrik: God gee vir ons oupas en oumas. Ons is baie bly as ons oupas en oumas nog leef. Party kinders het net 'n oupa of net 'n ouma. Party van ons se oupas en oumas is al dood, en ons onthou soveel mooi dinge van hulle. Maar al het ons nie meer 'n oupa of ouma nie, is daar baie ander ouer mense wat vir ons net so lief is en by wie ons baie dinge kan leer. Die meeste van ons se oupas en oumas is lief vir die Here. Hulle het vir húl kinders, ons pa's en ma's, geleer om die Here lief te hê, sodat ons pa's en ma's ons ook kon leer om dieselfde te doen. Die meeste oupas en oumas is ook baie lief vir hul kinders en

kleinkinders. Dit is vir hulle baie lekker om by ons te kuier. Ons oumas en oupas behoort vir ons baie spesiaal te wees. Ons moet hulle liefhê, help en respekteer.

## AANBIEDING

### Jy het nodig

- Maak seker daar gaan 'n oupa en ouma opdaag. Daar is heel moontlik geen oupas en oumas van die kinders in of naby die gemeente nie. Nooi dan enige oupa en ouma in die gemeente om vir die kinders te kom kuier.
- Reël betyds met 'n oupa of ouma om te open met gebed.
- 'n CD-speler en 'n CD met paslike musiek vir die geleentheid.
- Koeldrank en glasies.

## KOM ONS BEGIN

- Speel die musiek sag in die agtergrond.
- Laat almal sit.
- Verwelkom die oupas en oumas en al die kinders.
- Die kinders bedien die grootouers met 'n glasie koeldrank en maak seker dat hulle gemaklik is – almal gesels 'n bietjie.
- Skakel die musiek af.
- Laat die persoon met wie gereël is, open, of doen dit self.

## HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle saam met hul ouers Markus 4: 35-41 geles het.
- Voltooi saam met hulle die sinne en maak seker dat hulle die inhoud daarvan ken.
  - Met ..... (*die storm-op-die-see-gebeure*) het Jesus gewys dat Hy mag oor alles het.
  - Jesus en sy ..... (*dissipels*) was op 'n skuit toe die storm losgebars het.
  - Hulle was baie ..... (*bang*) en het na ..... (*Jesus*) geroep om hulle te red.
  - Jesus het die storm beveel om te ..... (*bedaar*).
  - Ek ..... (*vertrou*) altyd op Jesus in ..... (*goeie*) tye en in ..... (*slegte*) tye.
- Laat hulle die skuit met mense daarop wat hulle geteken het, vir almal wys.
- Kontroleer of hulle Spreuke 3: 5a ken: *Vertrou volkome op die Here...*

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Julle is mos almal lief vir jul oupas en oumas? Kom ons hoor hoekom dit so moet wees.

### IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel waarom dit so besonders is om kleinkinders en oumas en oupas te hê.

## **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende weer in:

- Ons is baie bevoorreg as ons ouers, grootouers, onderwysers en vriende het.
- Dit is die Here wat hulle vir ons gee.
- Ons moet vir die Here dankie sê vir hulle.
- Ons oupas en oumas, en ons pa's en ma's, leer ons van die Here en sorg vir ons.
- Ons moet hulle liefhê, help en respekteer.

## **IETS OM TE DOEN**

- Gee aan die oupas en oumas die geleentheid om iets te vertel wat jare gelede vir hulle besonders was aan hul oumas en oupas.
- Laat hulle vertel hoe anders dinge in daardie dae was.
- Laat die kinders vertel van iets wat hul oupas en oumas vir hulle gedoen het wat hulle altyd sal onthou.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

Laat hulle –

- hul oupa en ouma of enige oom en tannie in die rame gaan teken.
- vir hul oupas en oumas, of oom en tannie, 'n e-pos skryf om dankie te sê vir alles wat hulle doen.
- so gou as wat hulle kans kry, iets besonders vir hul oupas en oumas gaan doen.

### **Leer**

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Ek is baie bevoorreg as ek ouers, grootouers, onderwysers en vriende het.
- Dit is die Here wat vir ons ouers, grootouers, onderwysers en vriende gee.
- Ons moet vir die Here dankie sê vir ouers, grootouers, onderwysers en vriende.
- Ons oupas en oumas, en ons pa's en ma's, leer ons van die Here en sorg vir ons.
- Ons moet hulle liefhê, help en respekteer.

## **AFSLUITING**

Sluit af en prys die Here, en dank Hom vir oupas, oumas en ander ouer persone wat Hy vir ons gegee het.

### **Belangrik:**

Besluit betyds wie volgende week se faseles aanbied.